Dit is nie moontlik om enige voorkeur vir enige seksie te bewys nie, anders sal die hele bedryf daaronder ly, en dit is nog verder onmoontlik vir die fabelagtige „ryk pluimveeboere wat uit weelde boer'' om enige invloed te gebruik om wetgewing te verkry wat tot die nadeel van die platteland sou wees. Intussen wil ons graag die sogenaamde „ryk pluimveeboer wat uit weelde boer'' ontmoet.

Alle lesers word uitgenooi om die Kantoor van die Vereniging te besoek om die juistheid van bogemelde verklarings te bevestig.

**Die Hoekom en Waarom aangaande die Voorstel vir Verpligte Gradering en Beheer.** Die feite moet blootgestel word, en in die gesig gestaar word. Laat ons dus eers die antwoorde van „Die Landbouweekblad'' afhandel. Genoemde blad kwoteer volledig uit 'n verklaring van die Hoof Pluimveebeampte wat teen beheer of enige gradering skema gekant is. Op die huidige chaotiese bemarkings toestaande waar beide produsent en verbruiker ge-eksploiteer word—is sy antwoord dat opleiding nodig is. Ons wil graag weet wie moet die opleiding ondergaan, en op welke onderwerp? Geen opleiding ter wereld kan verbeterings aanbring waar daar 'n monopolie in die hande van firmas is wat slegs belang in hul eie profyte stel en wat geen aandag aan die koste van produksie bestee nie, en ook in die afwesigheid van wettige grade en regulasies wat beide verbruiker en produsent in staat kom stel om te weet welke graad gekoop of geproduseer word.

„Die Landbouweekblad'' beweer dat „boere vandag bereid is om hul kop op 'n blok te sit dat dit eerste klas vars eiers is'' wat hul produseer. Behalwe uitvoer en Nasionale merk grade is daar vandag geen neergelegde grade vir „Pas-gelegde,'' „Dag-oud,'' „Vars,'' of „Platteland'' eiers nie. Elke firma bepaal sy eie grade en „Handel'' eiers, sowel as Koelkamer eiers mag as „Pas-gelê'' onbelemmerd verkoop word. Is hierdie toestand tot die belang van produsent of verbruiker?

Dit is die verbruiker wie ons tevrede moet stel, en sy smaak, voorkeur en beursie bestudeer. Net soos in die geval van ander voedingstowwe is daar 'n afset mark vir elke soort eier, en as ons aan die eise wil voldoen moet ons sorg dat gespesifiseerde grade verskaf word, sodat die Koper kan kry presies wat hy verlang.

Gradering is vir beide produsent en verbruiker 'n nodige beskerming en waarborg.

As neergelegde grade die van die Nasionale Merk volg is daar geen rede vir die gedagte dat hulle nadelige gevolge op pryse sal hê nie. Dit sal werklik beteken dat die boer wat goeie kwaliteit produseer 'n

soortgelyke prys kan verwag, en dit kan allenn volledig gebeur wanneer 'n Beheerraad gestig is om daarop te dwing dat pryse volgens kwaliteit moet betaal word, maar tussentyd, met verpligte gradering sal die produsent in staat wees om betalings volgens graad te eis.

Daar is vandag eiers wat van die Noordelike en Westelike Transvaal, die Vrystaat en ook Oudtshoorn gereeld na Johannesburg gestuur word en wat as Blou etiket Nasionale Merk deur gaan, wat bewys lewer dat daar geen beswaar kan gemaak word nie dat dit onmoontlik is vir die Platteland om eerste kwaliteit eiers aan die mark te lewer.

Waar boere nie eerste graad bemark nie, hoop ons dat hulle nie dit as onregverdig beskou dat hulle medeboere wat wel eerste graad produseer nie aan 'n beter prys geregtig is nie? Dit moet onthou word dat die publiek nie bereid is om vir iets te betaal wat hulle nie nodig het nie.

Die tweede kwaliteit nasionale mark is gelyk aan ons uitvoer vereistes, en dit is binne die bereik van enigeen, wat maar redelik bekwaam is, om hierdie kwaliteit te bemark. Die enigste soort eier swakker as die behoort slegs „handel'' eiers te wees.

Tweede graad pryse is op eerste graad pryse afhanklik en hoe grooter die aanvraag vir eerste graad hoe beter die prys vir tweede graad, en wanneer die prys vir beste kwaliteit buite die bereik van die meerderheid styg dan is die aanvraag vir die tweede graad hoër, en die verbruik van eiers as 'n voedingstof word behou. Ons wil lesers verwys na die verslag van die Bemarkingsraad aangaande die nadeel wat 'n oorvloed laë kwaliteit produkte kan doen, en die nadelige gevolge daarvan.

Sonder vasgestelde grade is 'n mark altyd onderworpe aan wanvoorstelling en die eksploitasie van produsente en verbruikers. Sonder beheer kan produsente gladnie verwag dat daar enige verhouding moet wees tussen pryse en kwaliteit of produksie koste nie.

„Die Landbouweekblad'' herhaal die opinie van die Hoof pluimvee-beampte wat gekant is teen enige gradering stelsel en Beheer. Ons wil net graag sê dat sy opinie maar een stem is teen menige wat die saak vir jare lang bestudeer het, en dat praktiese boere, insluit meeste van die platteland, wat die saak ondersoek het, stem heleemaal ooreen met die sienswyse van die Pluimveevereniging.

Die bewering dat die Vereniging voorkeur aan stedelike produsente verleen is kleinsielig en heleemaal ongegrond.

Ons kan met reg beweer dat gedurende die afgelope twee jaar het die Vereniging deur sy pogings om pryse op die Rand vastestel duisende van ponde vir die platteland beteken het.

Die Vereniging bekommer hom oor die Bedryf, en nie oor enige afsonderlike seksie nie. Alle belange is aanmekaar geskakel, en as een beseer word, word dit deur die hele bedryf gevoel.

Dis die platteland meer as enige ander afdeling wat seker die grootste voordeel getrek het uit die uitbreidingsdiens wat oorspronklik deur die pogings van die Vereniging op tou gesit is, terwyl die goeie pluimveeondersoekings werk wat vandag op Onderstepoort gedoen word is deur toelae van die Eierheffingsfondse op die voorstel van die Vereniging moontlik gemaak. Ons kon natuurlik nog baie meer gevalle aanhaal maar hierdie twee voorbeelde sal kan dien as bewys dat die platteland waarskynlik meer voordeel van die Vereniging as enige ander seksies geniet het. Buite produsente kan gerus wees dat ekonomiese omstandighede sal bepaal of die stedelike produsent sal kan aanhou met sy boerdery of nie.

Dit moet ook onthou word dat enige voordele wat die stedelike produsent vandag mag geniet sal ook deur die plattelandse produsent onder 'n gradering stelsel geniet kan word. Vandag is die naam van die produsent die waarborg van kwaliteit maar onder verpligte gradering sal die graad die waarborg wees.

In ander lande het verpligte gradering verbruik en pryse verhoog, waarom nie die selfde vir Suid Afrika nie?

---

**Geliewe ondersteuning aan adverteerders te verleen, en maak melding van " Die S.A.P.V. Bulletin " wanneer U dit doen.**



OFFICIALLY CERTIFIED B.W.D. and Typhoid Free.

**PORRITT'S "EVERLAY" STRAINS**

Known throughout South Africa —— 27 Years' Successful Breeding

Every bird Blood Tested for B.W.D. and Fowl Typhoid.

BUY THE BEST FORGET THE REST

WHITE LEGHORNS —— AUSTRALORPS

Stud Cockerels from 63/- Day old Chicks from £8/10/- per 100

Write for our Catalogue and see for yourself the Home of PORRITT'S EVERLAYS. Inspection invited —— Satisfaction Guaranteed

**R. PORRITT, Kirkwood Stud Poultry Farm, Maritzburg.**

# Healthy Hens
## *are Best Layers !*



**SAFCO** MEAT and BONE MEAL

SAFCO MEAT and BONE MEAL is most economical in use and productive in results—as little as 5% to 10% included in the daily ration provides the necessary protein and minerals. It contains 55% Protein and 30% Minerals and NOT more than 4% fat.

SAFCO LIMITED :: UMBILO :: DURBAN



# KALK BAY FISHERIES
LIMITED

*for*

## Cold Storage

of All Descriptions

★

Phone 44–1477. P.O. Box 479.

Works: Cor. BERTHA & JORRISEN STREETS,

BRAAMFONTEIN,

JOHANNESBURG.



*for* Sol-Hot Brooders

Hearson's Incubators

Black Leaf "40"

Insecticide

*and* Everything for the Poultry Yard, including Green Food Cutters, Poultry Foods, etc.

Call or write for Catalogue

★

## JOHN F. MARSHALL LTD.
*For Poultry Foods and Appliances.*

HEATH'S BUILDING,

Cor. PRITCHARD & VON BRANDIS STREETS,

JOHANNESBURG.

Phone 22-7833. P.O. Box 2063.



**Secura**

FOR PERFECT INCUBATION

**Mammoth Cabinet Hot Water Incubator**

produces

**20% Bigger and Heavier Chicks**

The Secura Incubator Co., Ltd., Carlisle, England.

Send to any of the undernoted Agents for an illustrated catalogue showing the full range of manufactures.

Durban and District:

L. F. Forsyth, Esq., Cranston Poultry Farm, Howick Road, Pietermaritzburg.

Johannesburg and District:

W. A. Bartlet, Esq., P.O. Box 7.., ..., Johannesburg.

Northern and Southern Rhodesia:

W. A. Bell, Esq., ... Pedigree Poultry Farm, P.O. Box ..., ..., Southern Rhodesia.

Cape Province:

Messrs. ... Trading Co., Ltd., P.O. Box 2206, Capetown.


*(Continued from page 11)*

they called the market and produce for their own consumption they would be better off, that working together they could limit their production as well as fix the price at which they would sell and so bring the market game to an end. When all producers who now sell for what their produce will fetch combine to fix prices and sell at a fair price, the system of production for profit will come to an abrupt end, and, willy-nilly, Governments will be obliged to institute a system of production for use, placing the good of the many before the private gain of the few.

## SPECIAL NOTE!

# LIMESTONE GRIT AND FLOUR

Our Products are Guaranteed **Not Made from Marble Screenings,** but from specially selected

**HIGH-GRADE, HARD MOUNTAIN CALCITE.**

●

Moreover, they are

OFFICIALLY APPROVED

REASONABLY PRICED

●

Produced in South Africa by South Africans.
THEY ARE GOOD.

●

## The Umzimkulu Lime Co.

BOX 22. PORT SHEPSTONE.



# Profitable Poultry Keeping

**IS ONLY SECURED THROUGH HEALTHY, VIGOROUS BIRDS.**

Minerals birds must have—as they form one of the most vital feeding constituents for sustaining Health, Vigour and Production, but minerals mean more than just bone meal and salt, there are other rare and essential minerals needed if birds are to produce their best.

## "ALL-IN-ONE"

is the most complete mixture of rare and essential minerals on the market, and FOUR PER CENT. mixed into mashes suitably provides everything birds must have for building up resistance to sickness and disease, keeping the blood stream pure, and providing that STAMINA which will sustain maximum production over the longest period.

"**ALL IN ONE**" costs only ONE PENNY to supplement the mash for 100 birds, undoubtedly it's the best, safest and, in the end, the cheapest poultry mineral mixture obtainable, a fact borne out in the letters received daily from all parts of the Union. Extracts from letters just received speak volumes:—

"Mrs. H. Francis, Naboomspruit. Please rail urgent another bag "**ALL IN ONE.**" Since I started my birds on it I have had no trouble with them."

"Mrs. H. van Dyk, Cradock. Kindly send on another bag "**ALL IN ONE**"; I have the greatest faith in it."

## RELIANCE CO.,

**P.O. Box 41. GEORGE, C.P.**



# WELL BALANCED RATIONS

**CAN ONLY BE OBTAINED BY SUPPLEMENTING THE DAILY MASH WITH A HIGH-GRADE CONCENTRATE.**

## POINTS WORTH REMEMBERING

(a) Pure White Fish Meal is universally recognised as the finest protein carrier and contains all sea minerals (Calcium, Phosphorus, Iodine, Vitamin A and D), so essential for well-balanced rations.

(b) Pure White Fish Meal ensures good layers, fertile eggs, reduced death rate of chicks, strong cockerels, and the maintenance of a healthy flock.

(c) Pure White Fish Meal, a natural product like the egg itself, consists largely of protein and mineral matter.

(d) Pure White Fish Meal, "Concentra Brand," is highly concentrated, and therefore most ECONOMICAL in use. 10 lbs. of this essential concentrate, mixed with 100 lbs. ordinary bulky foodstuffs, i.e., mealie meal, barley meal, oats, bran, pollard, etc., guarantee well-balanced rations.

**Write for literature and any further information to Concentra (Pty.), Ltd., New Fishery Harbour, Table Bay Docks.**


## R.O.P.

Order your stock, including registered Stud and Flock Cockerels, from members of the S.A.P.A. Breeders' Register. List of members supplied gratis. Write to:

THE REGISTRAR,
P.O. Box 1798,
Johannesburg.

## R.V.P.

Bestel u pluimvee, ingesluit geregistreerde Stoet- en Trop-hane van lede van die S.A.P.V. Telersregister. Lys van lede word op aanvraag gratis verskaf. Skryf aan:

DIE REGISTRATEUR,
Posbus 1798,
Johannesburg.

## MEMBERSHIP APPLICATION FORM.

To the Secretary, S.A.P.A.
P.O. Box 1798,
JOHANNESBURG.

A. Enclosed find Postal Order/Cheque for 7/6, being my annual subscription to the Association, or B. Forward address of nearest Poultry Club.

NAME ..............................

POSTAL ADDRESS ..............................

..............................

## Die Skoonmaak van Eiers

Gedurende die somer het ongeveer 25 persent van die eiers wat onder gewone plaastoestande geproduseer word, vuil doppe. Aangesien baie tyd en arbeid vereis word om hulle vir bemarkingsdoeleindes skoon te maak, en die skoongemaakte eier gewoonlik nie so lank goed bly as 'n eier wat nie gewas is nie, moet die oogmerk wees om eiers van bevuiling te vrywaar liewer as om vuil eiers te probeer skoonmaak.

Skoon vars strooi, gras of skaafsels met 'n vars reuk, moet in die neste gebruik en dikwels hernu word. Elke nes moet groot genoeg wees vir een hen, maar nie so groot dat twee of drie henne saam in die nes kan gaan en op daardie wyse die eiers bevuil nie. Eiers moet ook minstens tweemaal per dag uitgehaal word, om op daardie wyse die kans te verminder dat hulle deur die ander hoenders vuilgemaak word.

Nat weer skep 'n probleem. Waar die hoenderhokke nie beknop is nie, kan die hoenders tot middag in die hok gehou word. Teen daardie tyd sal die meeste henne al gelê het. As dit gedoen word, sal die eiers nie vuilgemaak word deur modderige pote nie. 'n Ander bevredigende manier waardeur hierdie moeilikheid uit die weg geruim kan word, is om die neste ver van die bek van die hoenderhok af te maak en skoon droë gras tussen die hek en die neste te strooi, sodat die hoenders se pote gedeeltelik skoon kan word op weg na die neste.

Selfs onder die beste bestuurstoestande sal daar egter altyd vuil eiers wees. Verskillende metodes van skoonmaak word gebruik, maar die meeste van hulle het hierdie nadeel, dat die bakterieë op die dop nie verwyder word nie, met die gevolg dat skoongemaakte eiers gouer sleg word as ander.

'n Bevredigende metode waarop eiers skoongemaak kan word sonder om hul goedhouvermoë te benadeel, is om 'n bytsoda-oplossing te gebruik. Bytsoda maak die bakterieë dood maar aangesien dit 'n skadelike uitwerking het op die menslike vel, moet versigtig daarmee te werk gegaan word en gomlastiekhandskoene moet aangetrek word as die eiers gewas word.

'n Derde-ons bytsoda moet gebruik word in 'n halwe gallon water, en hierdie oplossing sal voldoende wees om tien dosyn eiers skoon te maak. Die oplossing moet gemeng en in 'n erde-, enemmel-, of houtbak geplaas word; ook moet dit elke dag vars aangemaak word. Die eiers word in hierdie oplossing skoongemaak en word dan op rakke geplaas om droog te word. 'n Eier wat op hierdie wyse skoongemaak is, sal net so goed hou as 'n eier wat nooit vuil geword het nie, maar aangesien die skoonmaak van eiers altyd gepaard gaan met moeite en onkoste, is dit tog maar die beste om hulle nie vuil te laat word nie.

(A. A. Reed, Lektor in Pluimvee, Landboukollege, Cedara.)

## Hoenderhokke van Sakke Gemaak

Een van die probleme waarvoor die hoenderboer te staan kom, is die voorsiening van ekonomiese behuising vir sy jong hoenders vanaf die tyd dat hulle uit die kuikenhok kom, totdat hulle verkoop of in die lêhokke geplaas word. As hy 'n oog het vir besigheid, sal hy nie lêhokke daarvoor gebruik nie, aangesien dit voordeliger is om hulle vol lêhenne te hou. Dit is dus wenslik om van September tot Januarie vir die groeiende hoender goedkoop tydelike behuising te verskaf.

Dikwels druk die boere sy jong henne in een of ander ongebruikte lêhok in, terwyl die jong hane vir hulself moet sorg en in ou bouvallige plaasgeboue moet slaap waar hulle aan koue onderhewig is en waar insekteplae hulle groei belemmer. Tog is daar een materiaal wat vir tydelike geboue of beskuttings gebruik kan word, en wat ekonomies is. Dit is naamlik sakke wat met sement oorgepleister is.

Vir die kante van 'n hok kan sakke oor 'n houtraamwerk gespan word, terwyl die dak met sinkplate bedek word. So 'n hok is heeltemal gesellig en beskut, en as dit verskuifbaar en betreklik klein is, byvoorbeeld 6 by 8 voet, kan dit maklik na nuwe plekke verplaas word.

Anders kan 'n arkvormige hok, 6 voet lank, 6 voet wyd en 4 voet hoog, gemaak word. Die hok het 'n houtraam wat rus op twee 4" x 4"-sleë, terwyl die vloer bestaan uit 1"-sifdraad wat styf gespan en gestut en 4" bokant die grond is. Die hoenders slaap dan op hierdie sifdraad. Die kante en eindes word met sakke bedek. Op die spits word egter 'n spasie 3" wyd oor die lengte van die hok gelaat om slegte lug te laat ontsnap. 'n Spatplank word oor die opening gelaat om die reën af te keer.

Enige sterk gebruikte sak sal vir geruime tyd gebruik kan word. Die sakke word oopgesny en styf oor die houtraamwerk gespan, waaraan hulle dan met ½"-platkopspykers geheg word. As die sak vas is, word dit met die sementmengsel bestryk.

Die mengsel wat gebruik word om die sakke mee te behandel, word as volg aangemaak:—Sif 1 lb. sout en 2 lb. geblusde kalk saam; voeg 1½ gallon water by; voer dan 12 lb. sement in, en daarna ook ½ lb. aluin. In klam weer moet 1 pint water minder gebruik word. Bestryk die sakke met hierdie mengsel met behulp van 'n borsel. Voordat die mengsel hard word maar nadat die eerste nattigheid verdwyn het, moet die tweede laag toegedien word. Sakke wat op hierdie wyse behandel is, sal heeltemal goed hou, en meer lae sement kan later oorgeverf word as dit nodig is. As die sakke vrot, word hulle eenvoudig afgeskeur en nuwe sakke oor dieselfde ou raam gespan. Die hernuwingskoste is dus baie laag.

(A. A. Reed, Lektor in Pluimvee, Landboukollege, Cedara.)

# 'n Nasionale Gevaar vir ons Pluimvee Boerdery

## VERSPREIDING VAN WURMBESMETTING.

Deur P. J. Serfontein, Lekter in Pluimvee, Landboukool, Potchefstroom.

Orals in die Unie waar vandag met pluimvee geboer word, kom daar inwendige wurms in pluimvee voor. In die Oranje-Vrystaat, byvoorbeeld, waar 238 plase besoek is, is daar minder as een persent hoenders wat nie deur lint- of rondewurms aangetas is nie. Met die vinnige jaarlikse verspreiding van pluimvee word hierdie plaag onwetend van plaas tot plaas en van provinsie tot provinsie versprei.

Talle van boere wat pluimveeboerdery opgee en dit veroordeel as 'n onbetalende bedryf, word direk of indirek daartoe gedryf deur wurmbesmetting onder hul hoenders. Indien syfers beskikbaar was oor die verliese wat jaarliks gely word, sou die getalle ongelooflik hoog wees, en daar meeste van ons pluimveeprodukte kom van klein klompies hoenders op die gemiddelde plaas, is die enorme verliese nie so opvallend nie.

## BESMETTING VERMINDER PRODUKSIE.

Die verliese is nie alleen toe te skryf aan die kuikens of groot hoenders wat doodgaan nie, maar ook aan die feit dat besmette hoenders nooit behoorlik uitgroei nie: hulle is swak produseerders wat baie lank neem om in produksie te kom. Daar jong henne van hierdie klas nooit in goeie kondisie is nie, verveer hulle gewoonlik vanaf Maart tot Junie wanneer eiers hoog op prys is. Sodra daar verandering in temperatuur kom kry die hoenders verkoue wat natuurlik 'n vermindering in produksie veroorsaak. Die konstitusie van wurmbesmette hoenders word ondermyn, met die gevolg dat hulle onderhewig is aan allerlei siektes, en uitwendige parasiete, soos die gewone liggaamsluis, kies sulke hoenders uit bo ander gesonde hoenders.

Alhoewel wurms groot verliese veroorsaak by ou en uitgegroeide hoenders, kom die grootste verliese voor by kuikens en jong hoenders. Die grootste kwaad en swaarste verliese word veroorsaak deur inwendige wurmbesmetting gedurende die eerste twaalf weke van die kuiken se lewe. Baie van die moeilikhede wat ondervind word met die grootmaak van kuikens is die direkte gevolge van wurmbesmetting.

Om wurmbesmetting by pluimvee te voorkom, is dit uiters noodsaaklik om te weet hoe hierdie parasiete versprei van die een hoender na 'n ander. Dit is ook noodsaaklik om die lewensgeskiedenis van die wurms te ken.

## LINTWURMS.

Lintwurms kan van rondewurms onderskei word daar hulle gesegmenteer en plat is, en daar hulle hulself aan die binnekant van die derm vassuig. Dit is bekend dat lintwurms 'n tussen-voedster nodig het om hul lewensloop te voltooi. Indien die wurm verhoed word om sy tussen-voedster te gebruik, dan is dit onmoontlik vir die lintwurm om pluimvee te besmet.

Nadat die lintwurm homself aan die binnekant van die derm vasgesuig het, ontwikkel sy segmente, en na gelang hulle ryp word, val hulle af. Elkeen van hierdie segmente bevat duisende eiers wat saam met die uitwerpsels uitkom. As ander hoenders hierdie wurmeiers vreet, sal hulle nie daardeur besmet raak nie, maar wanneer hierdie eiers opgevreet word deur insekte soos vlieë, grondwurms, miswurms, slakke, ens. (die tussen-voedsters) dan ontwikkel hulle tot 'n sekere stadium en bly dan in 'n slapende toestand totdat hierdie tussen-voedsters gevreet word deur die hoender. Die klein lintwurmpies kom dan vry en suig hulself vas aan die derm en begin te ontwikkel.

## RONDEWURMS.

Rondewurms het nie 'n tussen-voedster nodig nie. Die groot rondewurm is witterig van kleur, rond in vorm en gewoonlik sowat twee duim lank wanneer volgroeid. Hierdie wurms suig hulself nie aan die derms vas nie.

Alhoewel rondewurms nie 'n tussen-voedster nodig het nie, het hulle 'n inkubasie-periode van sewe tot tien dae nodig. Eiers van rondewurms is goed bestand teen gewone weerstoestande en temperatuur, veral as hulle goed beskut is teen die son.

Kry 'n kuiken nou eiers van die rondewurm in onmiddellik nadat dit saam met die uitwerpsels kom, sal die kuiken nie besmet raak nie, maar nadat die eiers eers in of bo-op die grond gebroei het, dan kom daar 'n klein larwe in die eier voor, en as die hoenders nou hierdie eiers vreet dan word die wurm vrygestel deur die vertering. Die klein wurmpies groei tot die tiende dag en boor dan in die wand van die derms en kom weer so ongeveer die twintigste dag saam met die uit werpsels uit. Die wurms is volgroeid in omtrent twee maande tyd. Kuikens wat vry van wurms is tot op drie maande ouderdom, is wonderbaarlik bestand teen wurmbesmetting.

## BESTRYDINGSMAATREELS.

Daar is uitstekende middels wat gebruik kan word teen wurms, soos aanbeveel word deur die Afdeling Veeartsenydiens, en dit kos ongeveer nege pennies per honderd hoenders. Die groot doel moet egter voorbehoeding wees, en vir die doel word 'n program aan die hand gegee om besmetting so ver moontlik te voorkom.

Wurmbesmetting is op sy straf ste vanaf Oktobermaand tot die koue weer begin voor die winter. Kuikens moet onder geen omstandighede later as 15 September uitgebroei word nie, en indien moontlik liefs nie later as end Augustus nie, want kuikens wat na laasgenoemde datum uitbroei, word die beste groot binnenshuis op draad- of sementvloere, op loopplekke waar voorheen nie hoenders was nie, en ver weg van groot hoenders. Op alle plase waar daar 'n moontlikheid van besmetting is moet alle kuikens op drie maande ouderdom teen wurms behandel word. Swak en agterlike kuikens moet van kant gemaak word, omdat hulle die ergste draers van parasiete is.

Grond waarop hoenders vir 'n paar jaar agtereen geloop het, kom in 'n toestand wat beskrywe kan word as „siek", en dit is vernaamlik die geval waar groot troppe aangehou word. **Die grootste besmetting is gewoonlik in die grond, om die huis, in die kos en waterbakke.** Wurms word van jaar tot jaar oorgedra in besmette grond, en dit maak dit so gevaarlik om kuikens groot te maak op grond waar hoenders die vorige jaar geloop het.

### KAMPSTELSEL.

Die dabbel kampstelsel word sterk aanbeveel vir groot hoenders, en verskuifbare huise vir kuikens. Waar moontlik moet permanente grasse in kampe geplant word, so nie moet die kampe gereeld diep geploeg word om 'n gewas soos koring, hawer, gars, ens., daarop te saai.

Die grootte van kampe hang hoofsaaklik af van die beskikbare grond en grootte van die trop. Vir die gemiddelde trop op die plaas is twee kampe nodig. 'n agste tot 'n kwart morg is groot genoeg vir loopplek. Kleiner kampe, alhoewel nie wenslik nie, kan gebruik word as die hoenders elke twee maande oorgeskuiwe word na 'n ander kamp. Kampe moet op so'n plek gemaak word waar water behoorlik kan wegloop, want nat plekke is uitstekende broeiplekke vir parasiete.

### SINDELIKE HOENDERHUISE.

Sonlig is die beste middel om grond skoon te maak. Vuur word soms gebruik om grond te ontsmet. Deur die grond om die huis gereeld te hark en te veeg gedurende droë weer, help baie om dinge skoon te hou. Daar is baie min waarde in kunsmatige metodes vir behandeling van kampe.

Kuikens kan binnenshuis grootgemaak word in kunsmoeders of op loopplekke met draadvloere waar die grond erg besmet is. Hierdie metode het al begin posvat in die Unie. Die kuikens word op hierdie manier grootgemaak totdat hulle sonder hitte kan klaarkom en word dan op skoon loopplekke uitgeplaas in skerms. Verskuifbare huise is soms die enigste metode om skoon grond te voorsien, en die metode word met groot sukses toegepas. Sekere tipe huise word in dele aanmekaar gesit sodat dit uitmekaar gemaak kan word om verskuiwing te vergemaklik.

Alle uitwerpsels op die misplanke moet daagliks verwyder en gestoor word in 'n gat wat bedek is met vliegdraad. Kalk moet gereeld oor die mis gestrooi word en onder geen omstandighede moet ander hoenders toegelaat word om daar naby te kom nie. Gedurende die warm maande moet skropgoed dikwels verander word, want saam met die mis op die misplanke, dien dit as 'n broeiplek vir parasiete. Grondvloere is baie moeilik om skoon te hou. Sementvloere is baie meer doeltreffend en in die meeste gevalle regverdig dit die ekstra koste daaraan verbonde.

### SKOON KOS EN WATER.

Die enigste manier waarop lintwurms en rondewurms toegang tot hoenders vind, is deur hul kos en drinkwater. Die hoender moet die besmetting eet of drink. Alles moet dus gedoen word om te voorkom dat kos en water besmet raak.

Kos en waterbakke moet so gemaak word dat uitwerpsels van hoenders nie daarin kom nie. Bakke wat buite staan, moet daagliks na 'n skoon plek verskuiwe word. Graan moet liewers in bakke gevoer word instede van dit op besmette vloere te gee. Uit droëmengselbakke moet daar nie kos uitval nie, en drinkbakke kan op draadrame, gruis of steenkoolas geplaas word.

Onthou, dis nou die tyd, voordat die warm weer begin, om alles in gereedheid te bring vir voorkoming van wurmbesmetting. Alle groot hoenders op die pluimveeplaas moet nou minstens twee behandelings kry, want 'n besmette ou hoender is een van die vernaamste bronne van besmetting vir die kuikens. Skuif alle kuikenhuise na skoon plekke, rig die kampe so in dat kuikens weg van groot hoenders grootgemaak word. Maak goed skoon onder alle bome en struike in die kampe, want dit is die plekke waar die kuikens gedurende die warm weer vergaar. En moenie wag met die behandeling van kuikens totdat gevorderde wurmbesmetting reeds daar is nie, maar wees versigtig en behandel die kuikens sodra die eerste tekens sigbaar is. Besmette hoenders kan nooit 'n betalende onderneming wees nie.

---

# S.A. Landbou Unie—Uit die Notule

### SPOORVRAG-AFSLAG OP VOER VIR LEWENDE HAWE.

Die S.A. Pluimvee Genootskap het redes aangegee om te vra dat afslag gegee word op gefabriseerde Suid-Afrikaanse pluimvee-voersoorte. Dit het versoek dat hul geplaas word op die lys van voer waarop hierdie spoorvrag-afslag gegee word.

Daar is verder besluit dat die Unie-regering versoek word om elke vee-en pluimvee-voer, wat in die Unie vervaardig word, te vervoer teen Tarief No. 10 en dat die toelaes wat gegee word vir sommige daarvan toegepas word op al die voer vir vee en pluimvee wat in die Unie vervaardig word. 'n Deputasie sal later die saak aan die Regering voorlê.

---

# S.A. Agricultural Union—from the Minutes

### REBATE ON RAILAGE OF STOCK FEEDS.

A case was submitted by the S.A. Poultry Association for a rebate on prepared South African poultry foods, and a request made that these be placed on the list of livestock foods on which such railway rebate is granted.

It was further agreed that the Union Government be asked to carry all Union produced stock and poultry foods at rate 10 and that the subsidies granted on certain of these should be applied to all Union produced stock and poultry foods. A deputation will later submit the case to the Government.

# HELP US TO HELP YOU

YOU NEED OUR HELP FOR YOUR PROBLEMS AND WE NEED YOUR HELP FOR THE PROBLEMS OF THE INDUSTRY, WHICH ARE YOUR PROBLEMS TOO.

1. Advertise in your Bulletin.
2. Support only advertisers who support your Bulletin.
3. Get new members.

# HELP ONS OM U TE HELP

VIR U MOEILIKHEDE HET U ONS HULP NODIG, TERWYL ONS U HULP VIR DIE MOEILIKHEDE VAN DIE BEDRYF NODIG HET, WANT HULLE IS U MOEILIKHEDE OOK.

1. Adverteer in u Bulletin.
2. Ondersteun selgs adverteerders wat u Bulletin ondersteun.
3. Verkry nuwe lede.

## "The S.A.P.A. Poultry Bulletin."

DISTRIBUTION.

The S.A.P.A. Poultry Bulletin is distributed gratis to all members of Clubs, Societies, Egg Circles and individual members affiliated to the South African Poultry Association.

CORRESPONDENCE.

All correspondence must be addressed to the Secretary, S.A. Poultry Association, P.O. Box 1786, Johannesburg.

ADVERTISING TARIFF.

Cost Per Each Insertion.

| | 12. | 6. | 3. |
|---|---|---|---|
| Eighth of page | £1 10 0 | £1 15 0 | £2 0 0 |
| Quarter of page | 2 10 0 | 2 15 0 | 3 0 0 |
| Half of page | 4 0 0 | 4 10 0 | 5 0 0 |
| Full page | 7 10 0 | 8 10 0 | 9 10 0 |

Prepaid "Smalls":—2d. per word per first insertion, further insertions 1½d. per word, with a minimum of 2/6 per insertion. Words will be counted as in telegrams.

CONDITIONS PERTAINING TO ADVERTISEMENTS.

1. While every care will be taken to ensure accuracy of advertisements, no responsibility can be accepted for losses arising from typographical or other errors.
2. Only expressly approved accounts are payable monthly, otherwise remittance must accompany the order. "Smalls" will be accepted only when cash accompanies order.
3. All advertisements are subject to being edited before acceptance.
4. New advertisements, cancellation of advertisements, or alterations to wording, must reach the Secretary by the 15th of each month preceding the month of issue.
5. All cheques to be made payable to "The South African Poultry Association," and must include exchange.
6. The right is reserved of refusing any advertisements without ascribing any reason for doing so.

## "Die S.A.P.V. Pluimvee Bulletin."

VERSPREIDING.

Die S.A.P.V. Pluimvee Bulletin word gratis versprei onder alle lede van Klubs, Verenigings, Eierkringe en individuele lede geaffilieer aan die Suid-Afrikaanse Pluimveevereniging.

KORRESPONDENSIE.

Alle korrespondensie moet aan die Sekretaris, S.A. Pluimveevereniging, Posbus 1786, Johannesburg, gerig word.

ADVERTENSIE TARIEF.

Koste vir Elke Plasing.

| | 12. | 6. | 3. |
|---|---|---|---|
| Een agste van bladsy | £1 10 0 | £1 15 0 | £2 0 0 |
| Een kwart bladsy | 2 10 0 | 2 15 0 | 3 0 0 |
| Een helfte bladsy | 4 0 0 | 4 10 0 | 5 0 0 |
| Volle bladsy | 7 10 0 | 8 10 0 | 9 10 0 |

"Klein" advertensies:—Vooruitbetaalbaar. 2d. per woord vir eerste plasing, verdere plasings 1½d. per woord, met 'n minimum van 2/6 per plasing.

Vir "Klein" advertensies sal woorde soos in telegramme getel word.

VOORWAARDES MET BETREKKING TOT ADVERTENSIES.

1. Terwyl alle voorsiening vir die akkuraatheid van advertensies getref sal word, kan geen verantwoordelikheid vir enige verlies as 'n gevolg van tipografiese of ander foute aanvaar word nie.
2. Alleen spesiale goedgekeurde rekenings is maandeliks betaalbaar, en in alle ander gevalle moet betaling met bestelling gestuur word. "Klein" advertensies sal alleen aangeneem word wanneer kontant die bestelling vergesel.
3. Alle advertensies is onderhewig aan korreksie voordat hulle aangeneem word.
4. Nuwe advertensies, terugtrekking van advertensies, of verandering van woorde moet die Sekretaris bereik op of voor die 15de van elke maand voor die volgende uitgawe verskyn.
5. Alle tjeks moet betaalbaar gemaak word aan "Die Suid-Afrikaanse Pluimveevereniging" en moet wisselgeld insluit.
6. Die voorreg is behou om enige advertensie te weier sonder om enige rede daarvoor te gee.

Printed by Walker and Snashall, Ltd., Ludgate House, 18-22, Harrison Street, for the Publishers and Proprietors, the S.A. Poultry Association, Manlin House, cor. Marshall and Harrison Streets, Johannesburg.